Beeld

Friday, 18 July 2008

Sanyati ontgroei Alt^{X}-skoene, nou op hoofbord

Antoinette Slabbert, Pretoria

In sy twintigste bestaansjaar en ná twee jaar op die JSE se alternatiewe beurs, die Alt^{X}, het die siviele ingenieursgroep Sanyati "grootgeword".

Met sy skuif gister van die Alt^{X} na die hoofbord hoop Sanyati om sy regmatige plek tussen die kleiner konstruksiemaatskappye in te neem.

Volgens mnr. Rick Jackson, uitvoerende hoof, weerspieël Sanyati se aandeelprys, wat eergister op R1,45 gesluit het, en 'n prys-verdienste-veelvoud (p/v) van 6,5 tot dusver nie die onderliggende waarde en onlangse goeie finansiële resultate nie.

Sanyati is op koers om in die nuwe boekjaar sy mikpunt van R1,8 miljard in omset te haal. Sy bestelboek staan reeds op R2 miljard, waarvan 78% vir die boekjaar tot Februarie 2009 is.

Jackson sê beleggers op die Alt^{X} onttrek vinnig hulle geld as aandeelpryse begin daal. Hy glo dat Sanyati met sy verskuiwing na die hoofbord sy persentasie institusionele beleggers van die huidige 27% sal kan opstoot en meer op onderliggende waarde geoordeel sal word.

Mnr. Russell Loubser, uitvoerende hoof van die JSE, het gesê dit was altyd die idee dat die Alt^{X} 'n intreeplek sal wees vir kleiner maatskappye, maar dat hulle soos Sanyati weldra sal groei en na die hoofbord sal skuif.

Volgens Jackson het die Alt^{X}-notering Sanyati twee jaar gelede die kapitaal gegee vir die verkryging van die siviele kontrakteur Ruthcon, GEM Earthworks en die Meyker-groep.

Daardeur kon hy geografies uitbrei van KwaZulu-Natal tot 'n nasionale maatskappy wat ook in Zambië en Botswana sake doen.

Danksy die hoër profiel wat sy aanvanklike notering aan Sanyati gegee het, het hy ook bekwame personeel gewerf en die nodige herstrukturering gedoen ter voorbereiding van die volgende fase in die maatskappy se geskiedenis wat gister afgeskop het.